

# SABoerperd

Telersgenootskap / Breeders Society

Raadsverslae: Augustus 2019



## **PROTEFEULJE: Opleiding & Kursusse / Stêrhings Frikkie Combrink**

### STÊRHINGS-VEILING

Graag bedank ek elkeen wat die jaar 'n bydrae tot Stêrhings veiling gelewer het. Sonder hulle samewerking sal sulke geleenthede nie volhoubaar kan wees nie.

- 23 hingste was die jaar ingeskryf vir die Stêrhings-Veiling.
- Die duurste hings dekking was R6500,00, Bakgat Lancelot.
- 'n Totale bedrag van R80 400 is ingesamel.

### BEOORDELAARSKURSUS

'n Beoordelaarskursus word aangebied 4-6 September 2019 te Misty Meadows

Kursus sillabus:

- Tradisionele 3 en 5 gang en Vertoonperd, aangebied (Mnr. AJ Burger);
- Skou-etiket (Sias Horn);
- Bouvorm (Sias Horn);
- Tuigklasse (Sias Horn);
- Saddle Seat Ruiterskursus (Daleen de Beer).

### BYWONING

- 7 lede woon 'n SA Boerperd kursus vir die eerste keer by;
- 1 Junior beoordelaar;
- 11 nie-lede;
- 6 SA Boerperd beoordelaars woon by dit by as opknappingskursus.

Die kursus word afgesluit met formele geskrewe en praktiese eksamens.

Groot dank word aan die 3 kursus aanbieders vir hulle hulp en ondersteuning.

### UNIVERSELE BEOORDELAARSKURSUS

Daar word op 24-25 Oktober 2019 'n Universele beoordelaarskursus deur Mev Sue Carter aangebied. Tydens die kursus, word daar gefokus op SASA klasse wat die volgende insluit:

Universele 3-gang klasse;

Werkperd Klasse;

Werkende Jagperd klasse;

Bouvorm & Handklasse.

Die kursus word afgesluit met formele geskrewe en praktiese eksamens.